DEEL 116 | WEEK 25 | 21 JUNIE 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HEILBRON VEG TEEN WATERTEKORT

## *Sowat 600 inwoners onderteken petisie oor watertekort in Heilbron – eis dringende optrede van VS-premier*



***•AfriForum Mediaverklaring***

Nagenoeg 600 inwoners van Heilbron en die omliggende gemeenskappe van Sandersville en Phiritona het deur AfriForum se petisie hul stem laat hoor oor die ernstige watertekorte wat weens die implementering van Rand Water se waterverminderingsmaatreëls hier voorkom.

Watervermindering in hierdie gebied spruit voort uit die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit se wanbetaling aan Rand Water. AfriForum het intussen dié petisie aan die Vrystaatse premier voorgelê en eis nou dringende ingryping by dié situasie.

In ’n poging om die impak van watervermindering te mitigeer, pas die Ngwathe-munisipaliteit boonop tans beurtwater toe. Volgens AfriForum se streekskoördineerder in die Mooirivier-streek, Alta Pretorius, bied dié benadring egter nie genoegsame verligting nie aangesien die voorkoms van gebarste waterpype en lekkasies omvangryk is, herstelwerk daarvan sloer en derhalwe grootskaalse waterverlies van kosbare water tot gevolg het.

Die Heilbron-, Sandersville- en Phiritona-gemeenskappe het reeds meer as ’n maand gelede, op 8 Mei, opgeruk na die munisipaliteitskantoor om teen die watertekorte in die gebied protes aan te teken. Ten spyte van die erns van die saak, het Ngwathe-munisipaliteit se burgemeester, Victoria de Beer, nie opgedaag om die memorandum in ontvangs te neem nie.

Dit het AfriForum se Heilbron-tak genoop om ’n petisieveldtog van stapel te stuur waarin die premier se ingryping geëis word. Die gemeenskappe dring onder meer daarop aan dat die skuld aan Rand Water as ’n saak van dringendheid hanteer moet word; dat bevoegde munisipale amptenare aangestel moet word; en dat amptenare die nodige hulpbronne en ondersteuning moet kry om hul werk na behore te doen. Ondertekenaars eis voorts dat, indien die burgemeester nie aan dié eise voldoen nie, sy uit haar amp verwyder moet word.

Intussen ondersoek AfriForum se regspan ook die moontlikheid om verdere stappe teen Rand Water te doen.

“Die inwoners van Heilbron en die omliggende gemeenskappe is vuisvoos. Sommige inwoners is al maande en ander selfs jare lank in die steek gelaat en moet klaarkom sonder lopende water. Die munisipaliteit doen duidelik nie hul werk nie – dit het tyd geword vir die premier om in te gryp by hierdie krisis,” beklemtoon Pretorius.

Raak vandag nog by Heilbron se AfriForum-tak betrokke en help sodoende jou gemeenskap. Kontak Paul Bergh (081 354 3073) vir meer inligting.

*Foto vanaf Facebook: Inwoners wag vir water om in te kom.*






# UIT DIE PEN:



## Week 25

Ek het so vier weke gelede vertel dat my gryse ma geval het, twee weke nadat ek Die Standbeeld aan my been gekry het. Dit was tydens die verskriklikste tyd in my lewe. Want ek kon niks doen nie. En my goeie man was ook in die hospitaal. Maar kom ons draai die horlosie terug.

My ouers het vir jare in dieselfde huis gebly. Ons het altyd gesê hulle moet na 'n aftreeoord of ouetehuis. My pa het net een ouetehuis geken: die ene op hulle dorp, waar almal oud, moeg en hartseer lyk. Sy ma, my ouma, was ook daar. Wanneer ons kinders dan die voorstel maak dat hulle moet trek, sou my gryse ou pa sê: Wil jy hê ek moet vrek? Nooit as te nimmer.

Totdat hy die dag siek word en in die hospitaal beland. Hier in Pretoria. My goeie man gaan laai my gryse ma by my skoonma in die ouetehuis af. Om te kuier, sê hy. Maar dit was eintlik om vir haar te wys dat daardie ouetehuis nie soos een voel nie. Later laat weet my goeie man dat gryse ma gesê het sy sal trek, mits sy na daardie ouetehuis toe kan gaan. Ek sê dis onmoontlik. My ouboet bel: my ma sê hulle sal trek. Ek sê: Nou ja, wragtag.

Daar is 'n woonstel oop en my gryse ma kan solank intrek. My gryse ou pa moet na die versorgingsafdeling van die ouetehuis gaan, en dis net in 'n ander gang as my ma. Ons vat my gryse ou pa met sy rolstoel (hy kon later nie meer loop nie) na my ma se woonstel. Keer op keer vra hy waar sy bed is? Ons verduidelik vir hom dat ons sy bed sal gaan haal wanneer hy gesond is.

Wat nooit gebeur het nie. Hy is so maand daarna dood terwyl hy 'n gang en 'n vloer van my gryse ma gewoon het.

Gryse ma het aangebly in haar woonstel. Dit was oorlaai met goeters. Pick 'n ding, en jy sou dit daar kry. Servette, papierborde, plastiekblomme, blompotte, plastieksakkies, baie plastieksakkies. Klomp rokspatrone. Sakke vol rek vir eendag se broek wat dalk rek sou benodig. Ses roomysbakke garing. Mooi gepak volgens kleure. Op een bak is geskryf: verskeie groene, en die bak was tjok en blok vol groen garing. Klere, klere en nog klere. Breekgoed waarmee jy 'n banket kon hou.

Daar is soveel lakens dat dit lyk of jy 'n lakenbiblioteek kan saamstel. Daar is 'n laai vol elektriese proppe en verlengkoorde. Soveel handdoeke dat die Franse Vreemde Legioen daarmee uitgerus kon word.

Die maatskaplike werker bel ons drie kinders: gryse ma kan nie meer alleen in haar kamer funksioneer nie. Maar dan moet sy na die versorgingsafdeling. Nee, sê sy, sy sal trek as die Here so sê. En die volgende dag val sy. Die ambulans kom haal haar. Die suster verduidelik dat gryse ma baie seergekry het. "Haar ou voetjie hang so skeef." Die maatskaplike werker vertel dieselfde storie. My ouboet kry die ambulans by die ongevalle, wat redelik besig is. Nà ses ure is daar geen frakture in haar voet en knieë nie en daar is net 'n klein blertsie bloeding op haar brein.

Dalk het die Here nou gepraat.

Sy word in 'n kamertjie by die versorgingsafdeling verpleeg totdat haar lyf beter voel. Intussen is daar 'n woonstel in die versorgingsafdeling oop, maar dit is aan die suidekant van die ouetehuis. Nee, nooit sal sy soontoe gaan nie. Sy sal doodgaan van die koue, sê sy.

Wel, daar is net twee keuses: Omdat sy nie meer in haar woonstel kan woon nie, kan sy na die vreeslike koue (haar woorde) woonstelletjie toe trek of in die kamertjie by versorging bly.

Een Sondagaand, nadat sy besluit het dat sy eerder in die klein kamertjie wil bly, gaan wys goeie man haar hoe die nuwe woonstel lyk, nes die woonstel waarin sy gebly het. Maar hier kom daar elke uur 'n verpleër of helper om te kyk of sy hulp nodig het. Hulle kom haal haar om te gaan eet, hierdie keer drie etes op 'n dag. Sy kry tee en koekies in die middag. 'n Paar keer per week word sy ingesluit by die aktiwiteite van die ouetehuis.

Goeie man wys ook na die paneelverwarmer wat sy kan aanskakel as dit koud is. O, nee, dit sal sy nooit doen nie! Maar ma, die elektrisiteitsrekening is ingesluit by die huur. (Ons kom later agter sy het nog nooit die verwarmer afgeskakel nie).

Ek met my Standbeeld, my goeie man en twee boeties, trek haar woonstel, met net die nodige, na die versorgingsafdeling. Alle onnodige goed word in bokse gepak en ons moet nog dink waar dit moet heen gaan. Dit staan die hele wêreld vol: in ons huis, en in die twee boeties se huise.

Susan en Hanlie is twee afdelingsusters, daar is Staffie wat naweke werk. Hulle sorg dat gryse ma haar pilletjies drink en dat sy gemaklik is. Sy hoef letterlik net te roep, dan is iemand daar om te help.

Ek wonder vandag oor twee dinge: wat veroorsaak dat jy so lank vat voordat jy besluit om te trek na 'n plek wat jou beter gaan versorg en waar jy veilig gaan wees? En ek wonder wie bedank die verpleërs, helpers, susters en die stafsusters? Ja, hulle kry verseker 'n salaris daarvoor. Maar daar is soveel ekstra moeite wat hulle doen.

Vandag huldig ek elke liewe versorger, maak nie saak watter rang hulle beklee nie. Dankie dat julle die lewe vir die gryses baie makliker maak. Julle is goud werd.

O, ja. Ek gaan binnekort ortopeed toe, en sal dan hoor wat die volgende stap is met Die Standbeeld. Ek spog darem nou met een vreeslike dun been en een met 'n pragtig ontwikkelde kuitspier.

# Ondersteun die ENGO Projek van Hoop

Engo Vrystaat is baie opgewonde om die Engo Projek van Hoop vir die 12de jaar aan te bied.

Die Engo Projek van Hoop word aangebied in samewerking met Sentraal 24, Renault Bloemfontein en Evolve Audit and Advisory.

'n Splinternuwe Renault Kwid Life ter waarde van R196 999 kan gewen word. Om te kwalifiseer, word kaartjies teen R30 verkoop. Mense wat kaartjies koop kwalifiseer ook elke maand vir 'n R1000 gelukstrekking.

Die sluitingsdatum is 15 November. Vyf finaliste word getrek en sal einde November aangekondig word. Die finale trekking vind vroeg in Desember plaas.

Evolve Audit @ Advisory sal die hele proses kontrolleer en verifieer.

Engo het 67 verskillende sentrums, huise en kantore regoor die Vrystaat wat by die projek gaan baatvind. Kinders, bejaardes, gesinne, behoeftiges in gemeenskappe regoor die Vrystaat, gestremdes, siek mense in hospitale en persone wat graag kinders wil aanneem of laat aanneem sal sal voordeel trek uit die spesiale projek.

Kyk uit vir die Renault Kwid Life met Engo Projek van Hoop branding, en ondersteun die projek. Kaartjies is by enige van Engo se programme en aanlyn beskikbaar by www.engo.co.za. Kaartjies kan ook by Sentraal 24, Renault Bloemfontein en Evolve Audit and Advisory gekoop word.

Hou gerus die media en sosiale media dop vir ander geleenthede waar kaartjies gekoop kan word.

Ondersteun Engo met hierdie groot projek, en maak vandag 'n verskil in die lewens van meer as 200 000 mense wat jaarliks deur Engo se dienste geraak word. Vir meer inligting, stuur 'n epos na info@engo.co.za of skakel 060 548 5543.

Kaartjies is beskikbaar by Ringerstraat Jeugsorgsentrum, 40 Ringerstraat of by Elmarie Els 079 599 4135.




**Vinnige feite oor die Renault Kwid Life**

- Kragstuur
- Lugreëling
- Sentrale sluitstelsel, voor en agter en is spoed sensitief – met ander woorde, sluit outomaties as wegtrek.
- Elektriese vensters voor
- "Trip computer"
- Radio met Bluetooth en USB
- Parkeersensors
- ABS remme met lektroniese remverspreiding
- LED dagtyd liggies
- Ongeveer 19km per liter
- Twee jaar of 30 000km diensplan
- 5 jaar of 150 000km waarborg met padbystand
- Vyfspoed ratkas
- 1 Liter, drie silinder engin

**Meer oor Engo…**

Engo is 'n nie-winsgewende en nie-regeringswelsynsorganisasie wat in die Vrystaat werksaam is en sorg en berading verskaf aan kinders, gesinne, bejaardes, gestremdes en pasiënte in nood. Engo het 33 Kinder-en Jeugsorgsentrums, 20 Bejaardesorgsentrums, 10 Gesinsorgkantore, een Aannemingskantoor, twee Gestremdesorg sentrums en een Hospitaalsorgkantoor, wat in die Vrystaat dienste lewer.

Die eerste Engo-dienste het reeds in 1902, net na die Ango Boereoorlog begin en Engo vier dus vanjaar hul 120ste bestaansjaar. Die CTK Kinder- en Jeugsorgsentrum in Bethlehem, Gedenk Kinder- en Jeugsorgsentrum in Ladybrand en die Winburg Kinder- en Jeugsorgsentrum is die oudste dienste van Engo.

Engo is die tweede grootste liefdadigheidsorganisasie van sy soort in Suid Afrika en die grootste in die Vrystaat. Engo doen ongelooflike werk in gemeenskappe oor alle rasse, kulture en ouderdomme heen.

Meer as 200 000 lewens word elke jaar deur Engo aangeraak.

Engo funksioneer volgens spesifieke kernwaardes. Hierdie waardes is moed, uitnemendheid, eerlikheid, integriteit, omgee en empatie. Ons skep ewige hoop en streef daarna om 'n verskil te maak in die lewens van mense wat deur Engo bedien word. Ons spesiale teksvers is Matt 28: 19- 20: Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

## HEILBRON *Kliniek*



# Mishandeling van die Bejaarde

Mishandeling van die bejaarde word as 'n baie ernstige oortreding beskou en is strafbaar met die wet (Wet No 13 van 2006). Daar is verskillende vorms van mishandeling.

**1. FISIESE MISHANDELING**

Kan verskillende vorme aanneem o.a. blatante aanranding, hardhandige hantering, besering, bv. krap met lang naels of juwele. Rondstamp of ruk en pluk aan bejaarde uit irritasie. Skending van privaatheid van die bejaarde, weerhouding van noodsaaklikhede vir daaglikse lewe en funksionering bv. nie vloeistof of kos gee nie, of nie kunsgebit insit om te kan kou nie. Beskutting en verwarming - nie die regte kleredrag vir spesifieke seisoen dra. Deur nie hul bril op te sit of loopraam of kierie binne bereik te plaas nie. Nie medikasie toe te dien nie, of verkeerde dosis, te veel of te min. Dwangbeheer - vasmaak van bejaardes of te lank in rolstoel te laat sit. Nalaat om bejaarde skoon en droog te hou.

**2. VERWAARLOSING**

Waar bejaarde self nie meer in staat is om dinge vir hulself te doen nie. Swak versorging is 'n ernstige verwaarlosingstoestand. Ondeurdagte afmaak van versoeke en klagtes as aandagsoekery, weiering om bejaarde behulpsaam te wees met aktiwiteite soos toilet gebruik, aan- en uittrek, bad of stort. Persone nie bewus van gebreke by bejaarde soos swak sig, swak gehoor, kunsgebit wat nie goed pas nie of swak spraakvermoë.

**3. PSIGIESE EN EMOSIONELE VERWAARLOSING**

Ignorering en isolasie, bitsige, kwetsende antwoorde en uitlating teenoor bejaarde. Diefstal van geld, klere en besittings.

**4. FINANSIËLE MISHANDELING / UITBUITING**

Beslaglegging op bejaarde se inkomste en eiendom deur kinders. Afpersing van die bejaarde deur kinders, familie of vriende. Bejaarde met geld of persoonlike besittings te laat betaal vir gunste of enige vorm van hulpverlening. Buitensporige hoë losies. Om 'n bejaarde in 'n gesin op te neem, sonder voldoende versorging in die basiese behoeftes en om so 'n ekstra inkomste te genereer.

**5. SEKSUELE MISHANDELING**

Die mees bedekte vorm van mishandeling. Bejaardes word dikwels deur molesteerder gedreig indien hy of sy die molestering bekend sou maak. Enige persoon kan en moet mishandeling aanmeld. Die oortreder kan verwyder word indien dit die beste is vir die bejaarde.

**GEBED VAN 'N BEJAARDE**

*As ek oud word, O Heer,*
*maak my min-saam en lief.*
*As alles te swaar word en so vol ongerief.*
*As dit skyn of mense nie meer omgee vir my.*
*As ek treurig en alleen voel,*
*wil U tog by my bly.*
*As my liggaamskragte verswak elke dag.*
*As pyne en smarte en lyding vir my wag.*
*As die laste te swaar word en ek begin vrees*
*As ek dan tot U roep, wil U tog by my wees.*

# Herald bekyk straatligte: Talle dood

In hierdie lang winternagte het Ngwathe talle donker strate. En inwoners is warm onder die kraag daaroor. Want hulle dink dis onnodig. Tog bly dooie straatligte 'n probleem in al vyf dorpe in die munisipaliteit, Heilbron ingesluit.

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel sê aan Herald inwoners is met reg vies, want dooie straatligte bring gevaar. "In 'n donker straat is dit moeilik om slaggate te vermy want die goed is oral, maar saans sien jy hulle moeilik as die straatligte dood is." Hy sê dooie straatligte maak sake ook makliker vir inbrekers en kabeldiewe. In Vredefort was daar sewe gevalle van kabeldiefstal in donker strate hierdie maand alleen. Daarom vra hy en sy kollegas gereeld dat die munisipaliteit dooie straatligte herstel, so vining as hulle doodgaan. DA-beheerde Wes-Kaapse munisipaliteite herstel lampies meestal binne 'n dag, sê hy. "Inwoners hier, en ons raadslede, kry wel beloftes. Maar dan gebeur niks nie, want amptenare kla hulle het nie gloeilampies of 'n meganiese leer (die sogenaamde "cherrypicker") nie."

Herald het eergisteraand tydens 'n vinnige opname bevind talle strate in Heilbron het meer dooie as brandende straatligte. Sommige strate is volgens inwoners reeds maandelank heeltemaal donker, of het slegs enkele ligte wat werk.

"Met nuwe regerings op nasionale en provinsiale vlak," sê DA-raadslid Robert Ferendale, "is dit nou 'n puik tyd om op munisipale vlak harder te werk om ons plaaslike probleme op te los." Hy meen staatligte skreeu om aandag, "sommer dadelik."

Hy sou dooie straatligte gister opper met Heilbron se munisipale areahoof, en vra dat straatligte gereeld en vinnig herstel word. As hy nie sy sin daaroor kry nie, sal sy DA-kollega Rdl Saal de Jager dieselfde vra tydens die eersvolgende vergadering van Ngwathe se toepaslike staande komitee (die een oor Infrastruktuur).

"Ons vra dat ons straatligte weer skyn, almal van hulle, en sommer gou vir 'n veiliger Heilbron!", vra Ferendale.

# Elizbe wen groot by visvangkompetisie

Elizbe Basson het Saterdag deelgeneem aan 'n 3-spesie visvangkompetisie wat deur Legends Pro Angling aangebied is, dit was ook 'n fondsinsameling. Hierdie opwindende gebeurtenis het die beste hengelaars van die streek gelok. Elizbe en haar spanmaat, Ben Moneeb, het die eerste prys ingekatrol met hul indrukwekkende vangste. Hul vaardigheid en toewyding het hulle 'n prys van R15 000 besorg, wat groot waarde toevoeg tot hul prestasie. Hierdie oorwinning is 'n wonderlike viering van hul liefde vir die sport.



*Op die foto regs: Elizbe Bason en spanmaat Ben Moneeb.*
*Foto onder: Elizbe ontvang tjek.*




# Waterkrisis in Heilbron:

## *Groot pyp herstel, maar probleme bly*

Heilbron was sedert 5 Junie sonder water as gevolg van 'n groot pyplek wat herstel moes word. Ondanks die herstelwerk, is daar steeds dele van Heilbron wat sonder water is. Die beheerkamer is reeds vir twee maande sonder 'n druppel water as gevolg van 'n ou waterlyn waarop hulle nog steeds is. Intussen moet hulle self voorsiening maak vir water. Met 'n dankbare hart vertel John Keoght dat Leonard Strydom gereeld tot hul redding kom en vir hulle water bring. John is nie die enigste een wat ongelukkig is oor die watersituasie nie. 'n Onstelde inwoner van Heilbron het op Facebook foto's geplaas waarin sy haar ongelukkigheid uitdruk oor oop krane, lekkende krane en motors wat gewas word in gebiede soos Sandersville en Phiritona. Willie van der Merwe is ook ontsteld nadat hy vier maande lank in Vegkop by 'n huis gewerk het. Hy noem dat in daardie vier maande die huis nog glad nie sonder water was nie. Willie beweer dat toe hy die stopkraan wou toemaak by die watermeter, hy opgemerk het dat daar nie 'n meter vir die huis is nie. Die vraag wat die inwoners vra, is wie betaal vir die water in 'n dorp wat reeds miljoene rande aan Rand Water skuld. Wie betaal vir die lopende water, terwyl daar beweer word dat Rand Water se toevoer met 20% gesny is? So baie vrae, maar so min antwoorde.

**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)**

**SPECIAL ADJUSTED BUDGET 2023/24**

**The Municipal Special Adjustments Budget for the financial year ending 30 June 2024** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 28 of the Municipal Finance Management Act,

Act No. 56 of 2003

In view of the aforementioned Act, the following table is a consolidated overview of the proposed 2023/24 Medium- term Revenue and Expenditure Framework:

**Table 1 Consolidated Overview of the 2023/24 Special Adjustment Budget.**

Total adjustment operating Expenditure for the 2023/24 financial year amounts to **R 1,1 billion**, the total adjustment Revenue amounting to **R 1,03 billion** and translates into a budgeted deficit of **R 52 million** (inclusive of non-cash items, **R 52 million**). The total Capital adjusted budget for 2023/24 financial year amount to **R 137 million,** funded by **grant 136 million and R1,3 million internal funded.**

| *R thousands* | *Actual Budget Year 2022/23* | *Adjusted Budget Year 2022/23* | *Audited Actual 2022/23* | *Approved Budget Year 2023/24* | *Adjusted Budget Year 2023/24* |
|---|---|---|---|---|---|
| Total Operating Revenue | 936,722 | 937,015 | 799,500 | 1,056,344 | 1,031,411 |
| Total Operating Expenditure | 1,102,124 | 1,014,417 | 1,099,853 | 1,133,185 | 1,082,962 |
| ***Surplus/(Deficit)*** | ***-75,402*** | ***-75,402*** | ***-300,353*** | ***-76,842*** | ***-51,551*** |
| Total Capital Revenue | 141,235 | 135,280 | 53,174 | 141,235 | 136,011 |
| Total Capital Expenditure | 153,235 | 135,600 | 53,737 | 153,235 | 137,371 |

**The council of Ngwathe Local Municipality, on the 24 May 2024, approved the Special Adjustments budget 2023/24**

The copy of the budget adjustment is available on the municipal website.
www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**Dr. FP Mothamaha**
Acting Municipal manager
mmadmin@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

**Keneuwe Lepesa**
Acting Chief Financial Officer
cfoadmin@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700



HERALD Sport

# Heilbron Duiwenuus



Heilbron Klub het besluit om vanjaar saam met die Noord-Vrystaat-bond duiwe te vlieg. Die besluit is geneem omdat hul program baie lang afstand wedvlugte bied, tot sover as 900km.

Die grense van die NFS strek vanaf Winburg tot by Heilbron. Elke Saterdag is daar 2 wedvlugte, vir jong duiwe en die ander een ope duiwe.

Verlede Saterdag was die 3de wedvlug vanaf Aliwal-Noord oor 'n afstand van 400 km. Dries Cilliers se duiwe doen baie goed en hy het alreeds 5 van die 6 wedvlugte gewen.

**Aliwal-Noord JO**
1. Cilliers en van Vuuren
2. Zenith Hokke
3. F Viviers
4. F Viviers
5. Zenith Hokke
6. Zenith Hokke
7. F Viviers
8. F Viviers
9. Cilliers en van Vuuren
10. Cilliers en van Vuuren

**Aliwal-Noord Ope**
1. Cilliers en van Vuuren
2. Cilliers en van Vuuren
3. Cilliers en van Vuuren
4. F Viviers
5. Cilliers en van Vuuren
6. F Viviers
7. Zenith Hokke
8. Zenith Hokke
9. Zenith Hokke
10. F Viviers

# Kransfontein Resiesduifklub

Op Saterdag 15 Junie het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Trompsburg gevlieg. Die duiwe is om 07:30 gelos en hulle het oor 'n afstand van 354 kilometer terug na Reitz gevlieg. Agt lede en 233 duiwe het deelgeneem. Die wenduif is om 11:33 geklok.

1. Reitz Lofts 1
2. Reitz Lofts 2
3. Du Plessis Hokke
4. Reitz Lofts 3
5. Wolmarans Hokke A
6. Wolmarans Hokke A
7. Reitz Lofts 3
8. Reitz Lofts 1
9. Reitz Lofts 2
10. Du Plessis Hokke



*Op die foto is Riaan Kriel, Handro Swart en Ben Labuschagne van Reitz Lofts 1 en 2 met hul duiwe wat eerste en tweede was, al twee die duiwe het gelyk by die hok aangekom.*

# Valsrivier pare: *Silwer & Brons*

Sake is Saterdag op die plaaslike baan uitgespook om 'n eerste en 'n derde plek van die Valsrivier dames pare. 'n Gelykop uitslag tussen die twee spanne het sake lelik deurmekaar gekrap en 'n span van Kroonstad Bowling Club het 'n meevallertjie gekry as gevolg van die gelykop uitslag tussen die twee plaaslike spanne en het hulle 1ste geëindig met 1 punt. Praat van twee honde baklei om 'n been! Nietemin is rolbal uit die boonste rakke gespeel en die uitslag is letterlik met die laaste bal bepaal. Komende Saterdag vind die NFS pare te Kroonstad plaas.
3 spanne van Heilbron se klub gaan daar meeding om die titel van NFS pare kampioene.



*Op die foto vl: Tracy Jacobs, Ellie van Coller, Sonja Muller en Hannalie Claassen.*


WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 - 17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 , Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za

PLOEG SE MOER
R50 PER BAKKIE
VISVANGWURMS
ERDWURMMIS
R400 VIR 20L
SLEGS OP BESTELLING
Erdwurmmis: Uitsluitend Aflewering
Visvangwurms Aflewering: Weekliks
076 813 2751 /ploegsemoer


## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2024 JAARPROGRAM

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 06 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 9:00 |
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 07 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 9:00 |
| 05 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 9:00 |
| 08 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 20 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |


BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
**MAANDAG - 24 JUNIE 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
GILEAD Twee-maandelikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
**DINSDAG - 25 JUNIE 2024**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
BALFOUR: DASPOORT BOVELDER PRODUKSIEVEILING
11:00, Rietfontein
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
HEILBRON: HILLTOP SAVM PRODUKSIEVEILING
11:00, HS Heilbron
Kontak Danie de Wet 082 772 4537
**WOENSDAG - 26 JUNIE 2024**
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
SCHWEIZER-RENEKE: CORALTA 21STE PRODUKSIEVEILING
11:00, Coralta
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
DELMAS - LEANDRA: BOSHOFF BONSMARA PRODUKSIE-VEILING
11:00, Leandra
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038
**DONDERDAG - 27 JUNIE 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
**VRYDAG - 28 JUNIE 2024**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za